# Tegnologie dryf Attie Juyn

*2015 is 'n jaar van nuwighede vir die Senior Direkteur: Informasietegnologie, Attie Juyn, wat pas die tuig opgeneem het: nuwe werk, nuwe uitdagings, nuwe huis en omgewing, asook nuwe belangstellings. SONIKA LAMPRECHT het meer gaan uitvind.*

Oor sy aanstelling by die US as Senior Direkteur: Informasietegnologie sê Attie Juyn: "Ek het die voorreg gehad om die IT-afdeling van Noordwes-universiteit (NWU) te lei om 'n baie gesofistikeerde en effektiewe afdeling van die universiteit te wees. Die US bied weer nuwe uitdagings en geleenthede om 'n verdere bydrae te kan lewer tot die breër ontwikkeling van die sektor deur die effektiewe benutting van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT)."

Hy was sedert 1992 betrokke by die NWU se informasietegnologie-afdeling en sedert 2004 die hoofdirekteur van dié afdeling. Volgens hom het hy nie uitgemaakte planne vir die US se IT-afdeling nie en sal hy in samewerking met al die belangegroepe by die US prosesse lei wat uiteindelik sal uitloop op realistiese, maar tog betekenisvolle, verbeterings.

"Dit is belangrik om die verskillende rolspelers te bemagtig en entoesiastiese deelname te bewerkstellig. Ek besef egter dat die realiteit wel sekere beperkinge sal meebring."

In sy tyd by die NWU het hy die proses gelei wat 'n toonaangewende studentestelsel op die been gebring het en wat steeds gebruik word. Hy het ook die universiteit deur 'n moeilike IT-samesmelting gelei in 2003 tot 2005, en die mees omvattende ondernemingstelsel-integrasie van alle universiteite in Suid-Afrika bewerkstellig.

Juyn het ook 'n sleutelrol gespeel in die formalisering van ASAUDIT (Association of South African University Directors of Information Technology) en met die hulp van ooptoegang-aktiwiteite die totale koste van IT onder beheer gehou, sonder om uitstekende diens in te boet.

Dit is juis hierdie ervaring en kennis, tesame met sy leierskapsvaardighede, wat hy in diens van die US sal stel.

"Ek het 'n paar dekades se ervaring in die sektor, en het 'n sekere mate van sukses bereik. Ek het geleer om mense te lei en te bemagtig, en uiteindelik is dit die mense wat aan prosesse deelneem wat die grootste verskil kan maak. Tegnologie is noodsaaklik, maar goeie integrasie in besigheidsprosesse bepaal uiteindelike effektiwiteit en volhoubaarheid."


Hy en sy vrou, Lidia, is in die proses om te verhuis.

"Ek het reeds ingetrek in ons huis in Kuilsrivier, maar my vrou sal eers oor 'n maand of twee Kaap toe verhuis met die res van ons besittings. Intussen moet ons nog af en toe vir mekaar gaan kuier."

*"Tegnologie is noodsaaklik, maar goeie integrasie in besigheidsprosesse bepaal uiteindelike effektiwiteit en volhoubaarheid."*

Juyn sien baie daarna uit om die Kaap se natuurskoon in sy vrye tyd te geniet. "Op Potchefstroom het ek 'n klein deeltydse boerderytjie bedryf, waar ek met 'n troppie Bonsmara-beeste op ons familieplaas geboer het. Dit het my die geleentheid gebied om gereeld te ontspan en baie tyd in die veld te spandeer. Ek sal nou my belangstellingsveld effens verskuif, maar beoog om steeds genoeg tyd in die natuur te spandeer, veral in hierdie pragtige omgewing.

"Ek het ook begin om meer tyd in die kombuis te spandeer, deur af en toe 'n ete voor te berei en my vrou te trakteer. Een van my gunsteling-belangstellings is om olywe op allerhande interessante maniere te geur en in te lê."



*Attie Juyn* Foto: STEFAN ELS